# SLEUTEL 8 – Positiewe Gees



Vriende van ons het redelik onlangs vir die eerste keer ouers geword van 'n pragtige dogtertjie. Kyk, pappa kan nie uitgepraat raak oor die absolute vreugde wat hierdie nuweling in hul lewe gebring het nie. Ons kan self ook die verskil in hulle lewens en menswees agterkom. Skielik is hulle baie anders. Natuurlik is hierdie verandering te danke aan die nuwe lewetjie wat tot hul gesin toegevoeg is. Kom ons hou vir oomblik hierdie gesinnetjie in ons agterkoppe, ons sal oor 'n rukkie weer na hulle terugkeer.

'n Karwag hier in Pretoria het eendag die opmerking gemaak dat hy werklik opsien na Sondae oggende so tussen 10:00 en 12:00, aangesien *dit* die tyd is wat baie van die kerkmense, op pad huis toe van die kerk af, gou by die winkel inloer. *Dit* is volgens hom die tyd wanneer hul met die mees ongeskikte, nors en suinige mense te doen kry. "Daardie tyd loop ons maar ligvoet" het hy gesê. Wat 'n hartseer getuienis nê! Die ongeluk is dat die mening en observasie van die karwag verseker nie verregaande is nie. Hoekom is dit so dat christene *so* optree? Kyk watter boodskap lê daar vir ons in die Bybel:

**Fil 4:4 Verbly** julle altyd in die Here; ek herhaal: **Verbly** julle!

**Luk 6:36** Wees dan **barmhartig**, soos julle Vader ook barmhartig is.

**Gal 5:22-23** Die vrug van die Gees, daarteenoor, is **liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing.**

**Rom 14:17** Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, **vrede en vreugde**, wat die Heilige Gees ons gee.

**Psa 100:1-2** Juig tot eer van die Here, almal op aarde! [2]Dien die Here met **blydskap**! Kom voor Hom met **gejubel**!

Wat is die goue boodskap deur al hierdie tekste? Die feit dat ons rede het om met vreugde en vrede te leef. Saam met hierdie vreugde en vrede kom barmhartigheid (WARMhartigheid) en 'n positiewe gesindheid teenoor die wêreld. Nou kan ons maklik vra: "hoe is dit moontlik om in hierdie wêreld vreugdevol te wees?" Iemand het eendag gesê dat ons eers ware vreugde kan ken as ons eers ware smart beleef het. Gestel dit sou vir ons moontlik wees om die Drie-Enige God totaal en al te verwyder. Dit sou ons met 'n wêreld gelaat het wat slegs bestaan uit smart en ellende. Ja, dit sou hel gewees het. Die realiteit is dat hierdie wêreld nie die hel is nie (ook nie die hemel nie). Elke stukkie wat hierdie wêreld beter is as die hel, is te danke aan God se betrokkenheid in SY skepping. Daarom kan ons met vreugde leef, want hierdie is beter as die hel. En dit is te danke aan 'n genade en liefdevolle God.

Kom ons keer terug na die nuwe gesinnetjie bo aan die bladsy: **dit is baie duidelik dat vreugde outomaties 'n "newe-effek[1]" van 'n nuwe lewetjie is.**

**Rom 6:4** Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, **<u>ons</u>** ook so in 'n **<u>nuwe lewe</u>** kan wandel.

**Ons is begenadigde nuwelinge in God se koninkryksgesin.**
**Waar is ons vreugde en positiewe gees dan?**

[1] Natuurlik op 'n positiewe wyse!